**TEMA 4: FAMILIE**



TEMABESPREKING:
Lede van my gesin.
Respek vir my gesin.
Liefde vir my gesin.
Rolle in my gesin.

RYMPIE/LIEDJIE:
Hy hou die hele wêreld in sy hand (x2),
hy hou ons almal in sy hand.
Hy hou vir pappa en vir mamma in sy hand.
Hy hou vir oupa en vir ouma in sy hand.
Hy hou vir jou en my ook in sy hand. Hy hou ons ÁLMAL in sy hand!

Kreukelneusies
kinderstimulering en ontwikkeling



kopiereg©kreukelneusies

MAANDAG: HERSIEN ALLE KLEURE, LIGGAAMSDELE EN POSISIES WAT TOT NOU TOE BEHANDEL IS.

| | | | | VOLTOOI: |
|---|---|---|---|---|
| KLEUR | | Kleur flitskaart.<br>Soek in vertrek. | Rooi | |
| LIGGAAM | | Wys op lyfie. | Nek, skouers | |
| POSISIE | | Fisies met lyfie teenoor stoel. | Voor | |

| ONTWIKKELINGS AREA | AKTIWITEIT | VOLTOOI: |
|---|---|---|
| GROOTMOTORIES | Gebruik die wikkel daai lyfie grootmotoriese kaart. Voltooi soveel aktiwiteite deur die loop van die dag/week as wat julle wil. Merk af soos julle speel om deur die loop van tyd by alles uit te kom, maar onthou ook dat alles dikwels herhaal moet word. Dit is dus goed om ‘n kaart te vat en te voltooi oor ‘n tyd en dan weer ‘n skoon kaart te druk sodat julle dit weer kan doen deur die verloop van die program. Maak seker julle spandeer regtig genoeg tyd aan **elke aksie** op ‘n kaart en werk nie net haastig deur nie. Indien enige van die aktiwiteite vir die kleuter te moeilik is, gee genoeg hulp en leiding of los dit eers net uit. Hierdie is standaard kaarte vir ons 2-5jaar groep. | |
| LDA<br>Insluitende: Fynmotories. Visuele persepsies. Ouditiewe persepsies. Taal & denke. | Laat die kleuter se vingers bietjie oefen dmv. kleispel.<br>✓ Leer hom/haar om slange te rol.<br>✓ Laat die kleuter onder toesig met ‘n stomppunt skêr die klei knip ook.<br>✓ Rol nou ‘n lang stuk klei, waarop die kleuter stukkies ‘spaghetti’ kan insteek. Speel dit is julle familie wat op die gras staan. Gee vir hom/haar een-vir-een aan. Hier is pappa. Wat hy/sy dan regop laat staan in die klei ens. Dit is goeie vingeroefeninge. | |

Kreukelneusies
kinderstimulering en ontwikkeling



kopiereg©kreukelneusies 

DINSDAG:

| ONTWIKKELINGS AREA | AKTIWITEIT | VOLTOOI: |
|---|---|---|
| KUNS/TEMA AKTIWITEIT  | Familieboom. Trek 'n handafdruk van elkeen in die gesin af op verskillende kleure papier en knip dit uit. Laat die kleuter dit dan op 'n karton plak waarop 'n boomstam geteken is wat hy/sy vooraf inkleur. | |
| WISKUNDE VAARDIGHEDE | ✓ Leer die kleuter om tot by 3 te tel.<br>✓ Sorteer saam die 1-2 kolkaartjies in twee hope. Die met net een kol en die met 2 kolle. | |

WOENSDAG:

| ONTWIKKELINGS AREA | AKTIWITEIT | VOLTOOI: |
|---|---|---|
| WERKVELLE | (Bl. 5) Kleur werkvel | |
| GROOTMOTORIES | Speel met die wikkel daai lyfie grootmotoriese kaart. | |
| LDA<br>Insluitende: Fynmotories. Visuele persepsies. Ouditiewe persepsies. Taal & denke. | Speel met 'n sif en lepel en drie bakke om in te deel. Meng bone/pasta, sout en rys. Laat kleuters dit nou skei en verdeel tussen die drie bakke. | |

Kreukelneusies
kinderstimulering en ontwikkeling

DONDERDAG:

| ONTWIKKELINGS AREA | AKTIWITEIT | VOLTOOI: |
|---|---|---|
| KUNS/TEMA AKTIWITEIT | Teken vir die kleuter met swart vetkryt op ‘n groot vel, lede van die gesin. Bespreek dit met die kleuter. Hier is pappa, mamma, jy, sussie ens. Laat kleuter dan bo-oor verf met verdunde koekkleursel. | |
| WISKUNDE VAARDIGHEDE | ✓ Leer die kleuter om tot by 3 te tel.<br>✓ Sorteer saam die 1-2 kolkaartjies in twee hope. Die met net een kol en die met 2 kolle. | |
| TEKENBOEK<br>(Maak seker jy skryf die datum by elke skets om te sien hoe die kleuter vorder.) | Laat die kleuter ‘n **VRYE SKETS** in sy/haar tekenboek teken net op die bladsy met die opskrif van hierdie week se tema. Moedig hom/haar aan om verskillende kleure te gebruik en iets rondom die tema van die week te PROBEER teken. Sê bv. ons leer hierdie week van bome kom ons teken ‘n boom. Die 2-3 jaar groepie gaan meestal nog net krabbel en dit is heeltemal reg so. Die prentjies op die bladsye is maar net om bietjie meer te kan gesels oor die week se tema en bietjie blootstelling te gee rondom sketse, hulle sal dit nog glad nie kan na teken nie. | |

Kreukelneusies
kinderstimulering en ontwikkeling



kopiereg©kreukelneusies 

VRYDAG: HERSIEN ALLE KLEURE, LIGGAAMSDELE EN POSISIES WAT TOT NOU TOE BEHANDEL IS.

| | | | | VOLTOOI: |
|---|---|---|---|---|
| KLEUR | | Kleur flitskaart.<br>Soek in vertrek. | Rooi | |
| LIGGAAM | | Wys op lyfie. | Nek, skouers | |
| POSISIE | | Fisies met lyfie teenoor stoel. | Voor | |

| ONTWIKKELINGS AREA | AKTIWITEIT | VOLTOOI: |
|---|---|---|
| GROOTMOTORIES | Speel met die wikkel daai lyfie grootmotoriese kaart. | |
| LDA<br>Insluitende: Fynmotories. Visuele persepsies. Ouditiewe persepsies. Taal & denke. | Laat die kleuter se vingers bietjie oefen dmv. kleispel.<br>✓ Leer hom/haar om slange te rol.<br>✓ Laat die kleuter onder toesig met 'n stomppunt skêr die klei knip ook.<br>✓ Rol nou 'n lang stuk klei, waarop die kleuter stukkies 'spaghetti' kan insteek. Speel dit is julle familie wat op die gras staan. Gee vir hom/haar een-vir-een aan. Hier is pappa. Wat hy/sy dan regop laat staan in die klei ens. Dit is goeie vingeroefeninge. | |

Kreukelneusies
kinderstimulering en ontwikkeling



kopiereg©kreukelneusies